**Skriflesing:** 1 Samuel 24; Psalm 141

Teks: **Psalm 141:3**

**Sing: VOORAF SANG - Ps. 145:1,2,3**

**TYDENS EREDIENS - Ps.118:12; Ps.119:22,23; Ps.118:4; Ps.146:2,8**

**1 Samuel 24**

1Sa 24:1 Daarvandaan het Dawid in die skuilplekke by En-Gedi gaan bly.
1Sa 24:2 Net toe Saul van die veldtog teen die Filistyne af terugkom, is aan hom vertel: "Dawid is in die En-Gediwoestyn."
1Sa 24:3 Saul het drie afdelings manskappe wat uitgesoek is uit die hele Israel, gevat en gegaan om Dawid en sy manne op te spoor in die omgewing van Klipbokrotse.
1Sa 24:4 Onderweg het Saul afgekom op skaapkrale met 'n grot daarby. Hy het daar ingegaan om homself te ontlas, terwyl Dawid en sy manne agter in die grot sit.
1Sa 24:5 Dawid se manne sê toe vir hom: "Kyk daar, vandag sê die Here vir jou: Ek gee jou vyand in jou hand en jy moet met hom maak soos jy dit goedvind." Dawid het opgestaan en ongemerk die punt van Saul se mantel afgesny.
1Sa 24:6 Maar agterna het Dawid se gewete hom gepla omdat hy Saul se mantelpunt afgesny het.
1Sa 24:7 Hy het vir die manne gesê: "Mag die Here my daarvan bewaar dat ek my hand teen my koning, die gesalfde van die Here, oplig, want hy is die gesalfde van die Here."
1Sa 24:8 So het Dawid sy manne met sy woorde gekeer en hulle nie toegelaat om teen Saul op te tree nie. En Saul het opgestaan en sy koers gegaan uit die grot uit.
1Sa 24:9 Dawid het ook klaargemaak en uit die grot uitgegaan. Hy het agter Saul aan geroep: "U Majesteit, die Koning!" Toe Saul omkyk, het Dawid gekniel en diep gebuig.
1Sa 24:10 Dawid sê toe vir Saul: "Waarom luister u na die praatjies van mense wat sê Dawid soek u ondergang?
1Sa 24:11 U sien vandag met u eie oë dat die Here u nou in die grot in my hand gegee het en as 't ware vir my gesê het om u dood te maak. Maar ek het u gespaar en gesê: 'Ek sal my hand nie teen my koning oplig nie, want hy is die gesalfde van die Here.'
1Sa 24:12 My vader, kyk tog, kyk na die punt van u mantel in my hand. Deurdat ek die punt van u mantel afgesny het, maar u nie doodgemaak het nie, kan u weet en sien dat daar geen kwaadwilligheid of opstandigheid by my is nie. Ek het nie teen u in opstand gekom nie, selfs al agtervolg u my om my lewe te neem.
1Sa 24:13 Die Here sal regspreek tussen my en u en die Here sal my wreek op u, maar ek sal nie teen u wees nie.
1Sa 24:14 Soos die spreekwoord van die voorgeslag lui: 'Boosheid gaan uit van die boosdoeners,' maar ek sal nie teen u wees nie.
1Sa 24:15 Agter wie aan het die koning van Israel opgetrek? Agter wie kom u aan? Agter 'n dooie hond aan; agter een enkele vlooi aan!
1Sa 24:16 Die Here sal regter wees en Hy sal regspreek tussen ons. Hy sal sorg en my saak behartig en aan my reg verskaf teenoor u."
1Sa 24:17 Nadat Dawid dit alles vir Saul gesê het, het Saul gevra: "Is dit jy wat praat, my seun, Dawid?" Toe begin Saul hard huil
1Sa 24:18 en hy sê vir Dawid: "Jy is 'n beter man as ek, want jy het aan my goed gedoen en ek het jou kwaad aangedoen.
1Sa 24:19 Jy het so pas duidelik getoon watter weldaad jy my bewys het deurdat jy my nie doodgemaak het toe die Here my in jou hand oorgegee het nie.
1Sa 24:20 Sal iemand sy vyand ongedeerd sy koers laat gaan as hy hom raakloop? Mag die Here jou met weldade beloon vir wat jy vandag aan my gedoen het.
1Sa 24:21 En nou, ek weet jy sal koning word, en die koningskap oor Israel sal in jou hand bestendig wees.
1Sa 24:22 Lê dan nou in die Naam van die Here 'n eed af dat jy nie my nageslag sal uitroei nie en so in my familie aan my naam 'n einde sal maak nie."
1Sa 24:23 Nadat Dawid vir Saul 'n eed afgelê het, het Saul huis toe gegaan, maar Dawid en sy manne het opgegaan na die bergskuiling toe.

**Psalm 141**
Psa 141:1 'n Psalm van Dawid. Ek roep na U, Here, kom tog gou na my toe, luister tog na my, ek roep na U.
Psa 141:2 Mag my gebed voor U wees soos 'n wierookoffer, die uitstrek van my hande soos 'n graanoffer in die aand.
Psa 141:3 Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê.
Psa 141:4 Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge, dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie, en dat ek nie deelneem aan hulle feeste nie.
Psa 141:5 'n Regverdige kan my in liefde slaan en teregwys, maar van die goddeloses sal ek nie eens gasvryheid aanvaar nie, want my gebede is gedurig teen hulle boosheid gerig.
Psa 141:6 As hulle leiers van 'n krans afgegooi word, sal hulle my hoor sê: "Goed so!"
Psa 141:7 Soos 'n land vol kluite lê as die ploeër dit oopbreek, so sal hulle bene versprei lê by die bek van die doderyk.
Psa 141:8 Op U, Here my God aan wie ek behoort, is my oë gerig, by U skuil ek, moenie dat my lewe wegkwyn nie.
Psa 141:9 Beskerm my teen die strik wat hulle vir my gestel het, teen die valstrikke van dié wat onreg doen.
Psa 141:10 Laat die goddeloses gevang word in hulle eie nette, maar laat my ongedeerd verbykom.

**Skriflesing:** 1 Samuel 24; Psalm 141
Teks: **Psalm 141:3**
**Sing: VOORAF SANG - Ps. 145:1,2,3**
**TYDENS EREDIENS - Ps.118:12; Ps.119:22,23; Ps.118:4; Ps.146:2,8**

’n Mens se gedagtes, broeder en suster is nie iets wat stilstaan nie. Aanmekaar is jou gedagtewêreld besig om van een gedagte na ’n ander oor te beweeg. En hierby eindig dit nie, want sê die Spreuke digter dat jy in werklikheid word wat jy dink (OAV)- *Want soos hy in sy siel bereken, so is hy* …(Spr.23:7). Nie wat ek voorgee om te wees is wat ek is nie, want om dinge voor te gee, skynheiligheid is baie maklik, maar op die einde word dit oopgevlek en baie gou kom ons agter dat wat jy dink dit word jy, of anders gestel jy word wat jou denke is. Ons kan dit dalk op ’n besonder idiomatiese manier ook vanoggend stel - JY IS DIE TUINIER VAN JOU EIE GEDAGTETUIN.

Daar rus ’n geweldige verantwoordelikheid op ’n mens om jou gedagtes in orde te kry. Om te dink oor die dinge waaroor ek so dikwels dink. Al die dinge wat ek toelaat om lêplek in my gedagtes te kry word al meer die dinge wat hulle woonplek in jou lewe maak. As ekself die tuinier van my eie gedagtetuin is, dan het ek die verantwoordelikheid om die verkeerde plante, die onkruid in hierdie tuin uit te ruk, en om dan eerder ’n nuwe soort plant in jou gedagtes in te plant.

Daar kan tog geen beter plant wees (en geen beter plan wees) as dit wat God se Woord ons wil gee nie, dat Jakobus ook reeds vroeg in sy brief geskryf het- *Daarom moet julle al die*

*sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.* (Jak.1:21). Of soos die 2020 Vert dit stel- *21 Doen daarom in sagmoedigheid afstand van alle morele besoedeling en die kwaad wat gedy, en ontvang die woord wat in julle geplant is, en daartoe in staat is om julle siele te verlos.* Dit net nadat Jakobus die ingeplante gedagtes ook van die bose kant beskryf het, want sê hy in vers 13-15: 13 *Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. 14 Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. 15 Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood…*Watter dodelike inplanting van gedagtes as jou gedagtes nie die ingeplante Woord is nie!

Die sondige proses wat Jakobus hier beskryf, beskryf hy dan inderdaad in dierlike terme soos wanneer 'n dier gejag word of wanneer 'n vis gevang word, dan word die dier uit die veiligheid van sy skuilplek uitgetrek, en dit gaan dood. Bose gedagtes, vuil gedagtes, laat jou lewe sy skuiling verloor. Jy word met jou gedagtes aan jou skuilplek geken. Wie waarlik by God in sy/haar lewe wil skuil sal reeds in hulle gedagtes hierdie skuilplek voor God wil oopmaak. Ps.118:8 stel dit baie duidelik- *8 Om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou.* (Die heel middelste vers in die Bybel)!

***

Ons bring dit terug na daar waar Dawid in 1 Samuel 24 geskuil het. Vir baie lank is hy reeds 'n vlugteling wat voor Saul moet bly vlug. En die dag het gekom dat hy dan ook in hierdie besondere grot geskuil het, en sowaar terwyl hulle agter in die grot was, kom Saul in dieselfde grot en Dawid is werklik net 'n paar donker tree van hom af, dieper in die grot, terwyl Saul homself daar neer geplaas het om te ontlas . Dit sou vir Dawid so maklik gewees het om hierdie man wat daarop uit is om sy lewe te neem met 'n enkele slag van agter om te bring. 'n Makliker geleentheid om Saul dood te maak, sou daar seker nie gou weer wees nie!

En tog doen Dawid dit nie, al sien die mense saam met Dawid dit selfs as 'n moontlike geleentheid wat die Here hulle gee om hierdie maklike moord uit te voer. Die vraag sou

gevra word of het die Here nie vir hulle die geleentheid gegee om van Saul ontslae te raak nie. Om hom hier dood te maak sou as selfverdediging gesien kon word. Alles dinge wat die mens kan bedink, maar Dawid dink anders. Al soek hierdie man so naarstigtelik om hom dood te maak, bly Saul vir Dawid die koning wat deur God vir hulle gegee is. Om hom te eer en sy lewe te spaar ter wille van die roeping van God is ’n heilige saak, al word my eie saak direk hierdeur benadeel.

***

En nou kan ons nie anders as om werklik hierdie hele aangeleentheid terug te spoor na die oorsprong van sulke optrede nie. In Dawid se gedagtes het baie van die Psalms begin. En spesifiek het ons hier ’n reeks van Psalms van Psalm 140 – 143 wat almal teruggelei kan word na hierdie grot-gebeure. In hierdie Psalms is Dawid besig om hard met homself te praat en dit by homself uit te maak die genade wat daar by God is om nie dit met Saul te doen dit wat mense dink eintlik gedoen moes word nie.

Die logiese was raak ontslae van Saul, maak hom dood, God gee hom eintlik vir jou. Is dit waar sy gedagtes was? Nee! Die man wat deur God se genade die tuinier kon word van sy eie gedagtetuin slaan hom gunstig gade. Die enigste skade wat Saul uit hierdie grot sou uitgaan is ’n winkelhaak wat uit die agterste gedeelte van sy kleed gesny is. Dis al, wat eintlik maar net ’n bewys moes wees hoe naby Dawid werklik aan Saul kon kom om hom dood te maak as hy wou.

***

In Psalm 141 is daar eintlik net twee dinge wat Dawid van die Here vra en wat juis in die grot so belangrik was as Dawid daarna terugkyk. Dit staan in vers 3 en as ons dit letterlik vertolk dan is die eerste dat daar ’n wag voor my mond geplaas sal word, en dat die Here sy gedagtes sal weghou van verkeerde dinge.

Wanneer hy hierdie *twee dinge* van die Here vra, dan besef hy dat wat hy dink is belangrik in wat jy doen, maar hy sny eintlik dieper, hy wil nie net dink voor hy doen nie, maar hy wil eintlik mooi dink net oor die dinge wat hy dink. Die wag voor my mond, die deur voor my

lippe, moet daar wees om my gedagtes in te hou, dat ek eers mooi sal weet wat my gedagtes is voordat ek hierdie gedagtes as dade in my lewe uitgiet.

In v. 4 word die konsekwensies nog duideliker dat verkeerde gedagtes plaas my so maklik in dieselfde geselskap van mense wat verkeerd van hart en sin is. Dan bid Dawid dat hy nie in die sonde wil verval saam met manne wat onreg doen nie, en hy dan selfs deel kry in hulle sondige feeste nie. Wanneer my mond sonder wagter is en my lippe sonder slot dan word ’n mens ’n vernietiger van jouself. Want jyself kan in hierdie proses besig wees om jouself te vernietig. Vers 8 van Psalm 141 kom by die punt van hoe ’n mens geheel en al kan wegkwyn, as jy nie met jou gedagte al reeds by die Here wil skuil nie.

Hoe belangrik dat ons nie net sal bid om die regte dinge te doen nie, maar ons gebed moet al vroeër begin dat ons ook die Here sal vra om die regte dinge te dink. Die stryd met jou gedagtewêreld voer jy in alle geval nie in kompetisie met ander mense nie, maar dit is en bly ’n wedstryd teen jouself om jouself. Hoe belangrik dat ek my gedagtes voor die Here sal wil suiwer. Ek sal dan graag wil hê dat die Here die dinge moet weet wat in my kop aangaan.

***

En so sal die Here alleen ’n mens kan help om nie net hierdie gedagtes te suiwer nie, maar dat ons ook werklik sal kom by ’n positiewe lewensbeskouing. Spreuke 4:23 staan dit ook- *23 Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. …*Dit sê tog duidelik vir ons dat as ek negatief dink gaan ek negatief leef. As ek positief dink gaan ek positief leef. En ja dit is makliker gesê as gedaan, maar as ’n mens nie hierdie besluit in jou lewe wil maak om positief die lewe rondom jou aan te pak nie, dan is jy eintlik besig om God te wantrou. Dan vertrou ek nie God se regering nie, die feit dat God alles beheer word nie na waarde beskou nie. In Openbaring 4:2 ken ons God as die Een wat op die troon is, en dat Hy alles regeer. Al is God in die hemel en ons op die aarde, is God se heerskappy op die aarde net so ’n groot werklikheid as wat dit in die hemel is.

***

En met hierdie troos in gedagte, ’n geweldige troos, moet ek doelbewus daarop ingestel wees om positief te dink, al probeer die duiwel op dieselfde oomblik om sy ou siniese hand weer in

jou lewe in te slaan, en jou met negatiewe gedagtes te oorspoel. Op die einde wil die Here hê dat ek ’n beter mens moet word, beter as die een wat ek gister was. Dit moet die doel van my lewe word, om altyd meer en meer te wil antwoord aan dit wat God se doel vir ons lewe is.

En as ek val en ons almal val dikwels, want ons is almal swakke mense, dan moet ek nie ophou om op die Here te vertrou nie. Dawid wat hierdie Psalm vir ons geskryf het, was so dikwels ’n swakke mens. Daar was soveel swakheid in sy lewe wat bladsye vol sal staan, maar dit het niks weggeneem van hoe hy geglo het dat die Here sy lewe regeer en dat alleen God kan regmaak dit wat in sy lewe krom geword het nie.

***

Ek moet besef negatiewe gedagtes, negatiewe besluite, negatiewe hantering van krisisse kan my hele lewe vernietig. Gestel Dawid het vir Saul daardie dag in die grot tromp-op doodgemaak soos hy die geleentheid gehad het, dan sou hy altyd met die gedagte moes saamleef, dit is ek wat die vorige koning doodgemaak het, en so het ek koning geword.

So sou hy nie wou begin nie, want wie met God oppad is, bou nie op moord en twis en verbreking van bande nie, maar wie God in sy lewe ken vra ’n wag voor sy mond en ’n slot voor sy lippe al is dit dan ook hoe moeilik om stil te bly. Hy weet God regeer. God sal sy Woord gee as die tyd vir God se antwoord reg is. Ek moet glo dat God die beste weet, ook vir my lewe, en al wat ek hoef te doen is om die lewe positief te benader, positief in my verhouding tot God, positief vir die mense rondom my, positief vir die hantering van alle situasies in u en my lewe. Wie dit kan doen is besig met iets wat nie maklik is nie, maar wat baie belangrik is. Ja en dit bly maar iets wat nie vanself gebeur nie, dit is iets wat doelbewus aangeleer moet word. Al moet ek aanleer om positief te wees, kan ek nou al weet dit maak in alle geval jou lewe makliker.

***

Wie werklik met hierdie heilige aanleerproses in sy/haar lewe besig geraak het, sal saam met Paulus kan getuig dit wat hy in 2 Korintiërs 10 vers 4 bedoel- *4 Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig.* Dan kom Paulus daarby uit as hy ons die opdrag gee - *Ons neem elke gedagte*

*gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak* (v.5) Gedagtes is dikwels iets wat in gevangenskap geplaas moet word, want so glibberig soos 'n skelm kan wees, so glibberig is ons gedagtes ook, daarom moet ek soos wat 'n wilde perd gevang en getem kan word, bereid wees om my gedagtes te vang en te tem.

***

Gevange en getemde gedagtes is juis die geleentheid wat jou die tuinier van jou eie gedagtetuin maak. In die grot waar Saul eenvoudig met 'n enkele gedagte en optrede afgemaai kan word, het juis die Heilige Gees Dawid se gedagtes anders gerig om nie eers 'n merkie aan Saul te maak nie. Dit van hom wat nog lank voor die grot in Psalm 19 die heel laaste vers vir die Here gevra het- *Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser.* Kom ons vra van die Here dat die Here my in staat mag stel nie net om te dink wat ek doen nie, maar dat dit nog meer positief sal uitwerk, dat ek werklik met 'n positiewe lewensbeskouing ook sal dink oor die dinge wat ek dink. Neem jou gedagtes gevange en maak dit aan Christus gehoorsaam.

***

Christus het in alle geval nie aan Homself gedink nie, maar net aan u en my, al sy kinders, toe Hy toegelaat het dat sy lewe van Hom afgeskeur word. Watter prys het Hy betaal, terwyl ek so maklik verkeerd kan dink en doen. Jesus het nooit verkeerd gedink, gesê of gedoen nie. Uit die denke kom die daad- Dit word pragtig onderstreep deur die brief waarin Paulus met oud-soldate praat, en dan gaan dit oor wat hulle moet dink en dan oor wat hulle moet doen. Ons lees Filippense 4: 8-9 (OAV) *Verder broeders alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is- watter deug en watter lof daar ook mag wees, <u>bedink</u> dit.* En dan kom die daad as Paulus sê- *En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, <u>doen dit</u>, en die God van vrede sal met julle wees.*

***

In 'n tyd van moeilike besluite, in 'n tyd waarin mens mag voel jou lewe loop kruispaaie, en hierdie kruisings dreig om van die kruis van Jesus Christus weg te draai, bedink jouself, benader jouself op die wyse deur jou gedagtes gevange te neem en seker te maak op watter punt het ek die verkeerde pad gevat. Daar kan baie dinge in 'n mens se lewe verkeerd gaan,

maar ek moet weet God wil dit weer reg maak. Mag God dit vir ons gee in wat ons dink en wat ons doen. Hierdie pad het lyk my ten minste sewe groot bakens wat in alle geval weer die koers sal regmaak. Daar moet (1) geloof wees, (2) gebed, (3) onderskeidingsvermoë, (4) ek moet weet om seerkry te hanteer, (5) ek moet standvastig wees, (6) daar moet 'n positiewe lewensbeskouing aangeleer word, en die laaste maar nie die minste nie, (7) ek moet kan volhard. Wie hierdie bakens langs die lewenspad raaksien, sal nie wonder of ek nog weer moet dink oor die dinge wat ek oordink nie. Daar moet in alle geval baie meer gedink word as wat daar gepraat word. Kom ons vra dit opreg en met verlange van die Here dat die woorde van my mond sal kom uit die gedagtes van my hart en dat dit altyd vir die Here welbehaaglik mag wees. Dan kom ek reeds by die ander gebed van Dawid- *Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê.*

AMEN